

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
7 November 1971

Onderwerp: Geen vrugte

Lees: Eségiël 15 verse 1 tot 8

Teks: Eségiël 15 verse 1 tot 8

Sing: Psalm 116 verse 1 en 7  
Gesang 86 vers 3  
Gesang 62 vers 3

“Waar wingerde die ronding van die heuwels groen maak en geel trosse in die laat somer onder die groen blare blink, sê ons dit is vrugbare wêreld. Grond waar die wingerdstok aard, is by ons in hoë aansien, omdat die draende wingerdstok met sy trosse rykdom en weelde beteken.

“As ’n mens in druiwetyd by die prieel verbystap, kan jy nie anders as om Jesus Christus se woorde in jou hart na te sê nie: ‘Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.’ (Joh 15:5) En só word die vrugdraende wingerdstok ’n beeld van die ware gelowiges in die Kerk van Jesus Christus.

“Maar dit is moontlik om ’n wingerdstok te wees, sonder om vrug te dra. Jy is geplant op die akker van die Verbond. Daar word gereeld snoeiwerk verrig en daar word sorgvuldig bemesting gegee en vrugte word verwag. Maar as die noukeurige landbouer die breë groen blare oplik, is daar geen vrugte nie. As dit vir twee of drie jaar só gaan en daar is geen vrugte nie, dan kom die byl en die vuur: ‘Kyk, dit is aan die vuur oorgegee om verteer te word; as die vuur sy twee ente verteer het en sy middelste stuk geskroei is, sal dit deug vir ’n stuk werk?’ (Eség 15:4)

“Broers en Susters, daar sluip ’n groot kwaad en ergernis soos ’n nagwolf rond in die lewens van teenswoordige Christene. Dit is ’n kwaad wat nie as sonde erken word nie; en nog minder as sodanig voor God en die mens bely word; en juis daarom ontstel ons, ons nie veel daaroor nie. Nietemin, is dit die grootste sonde denkbaar, omdat dit ’n sonde op kerklike erf is: ’n sonde van die lidmaat, ouderling, diaken en selfs die predikant. Dit is die sonde van onvrugbaarheid. ’n Mens

sou dit ook kon noem die sonde van nalatigheid. Dit is om na te laat wat God ons beveel om te doen.

“Só iemand se geloofslewe vertoon miskien enkele groen blare en takke, maar geen vrugte nie: Ek gaan Sondae kerk toe en luister uit gewoonte na die preek om die uur om te kry en my gewete te sus. Maar aan voldoening aan die vereiste van God se Woord en sy Tafel is daar geen teken nie. En so gaan ek huistoe vir ’n week van werk en brood verdien, maar nêrens kom my amp as gelowige te voorskyn nie.

“As iemand giftige vrugte dra: die dief, die dronkaard en die egbreker, dan is ek gou om te oordeel. Maar as iemand geen vrugte voortbring nie, dan is daar geen vermaning en verwyt nie. Inteendeel, dit is moontlik dat sulke nie-vrugdraendes ereposisies in die kerk en samelewing kan beklee en aansit aan Jesus Christus se Tafel.

“Maar Broers en Susters, hoe oordeel God? Brand sy toorn alleen teen die uitgieters van ongeregtheid? Is net hoere en tollenaars ’n oneer vir God se Naam?

“Nee, Broers en Susters! Jesus Christus het juis die onvrugbares in gedagte gehad toe Hy die Fariseërs vermaan het: ‘Pas op vir die skrifgeleerdes wat graag in lang klere rondloop en van die begroetinge op die markte hou en van die voorste banke in die sinagoges en die voorste plekke by die maaltye. Hulle eet die huise van die weduwees op en doen vir die skyn lang gebede. Hulle sal ’n swaarder oordeel ontvang.’ (Luk 20:46, 47) Dit is hulle wat die swaarste eis van die wet nalaat, naamlik die liefde vir God en die liefde vir die naaste. Die hoer en die tollenaar sal hulle voor gaan in die Koninkryk van God.

“By die aanhoor van die aankondiging van God se oordele op die laaste dag, is ons geneig om te dink dat dit slegs vir moordenaars, vloekers, kerkloses en goddeloses bestem sou wees. Maar dan vergeet ons die woorde van Jesus Christus: ‘Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ’n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons u honger gesien of dors of ’n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir

sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.’ (Matt 25:41-46)

“Ons reken dit as ’n kleinigheid. Maar nee, Broers en Susters, dit is nalatigheid! Dit is onvrugbaarheid! Dit is ’n skandelike verwaarlosing van ons roeping!

“Ons weet tog, ’n dief is nie net hy wat inbreek en steel nie; maar elkeen wat vir homself lewe, homself wikkkel in weelde terwyl geloofsgenote in nood verkeer. Die gierigaard steel, al steel hy nie; en hy wat sy broer haat, is ’n moordenaar.

“En moet jouself nie vlei en dink dat jy vrug dra as jy net meer kommissiewerk, verenigings en aktiwiteite doen nie. Wees ’n dankbare gelowige wat navraag doen en soek na wat God wil hê dat jy moet doen. Wees ’n gelowige wat jou Godsdienste uitleef.

“Is ons inderdaad diep genoeg oortuig van hierdie sonde van onvrugbaarheid? Hierdie sonde van ’n ledige en onvrugbare lewe is in die eerste plek so ernstig omdat dit ’n mislukte lewe is.

“Ons meet dikwels ons lewe aan ons eie maatstawwe, waaraan ons in ons eie opinie voldoen. Maar wat sal die uitslag wees as dit met God se maatstaf gemeet word? En God se maatstaf is nie slegs of ek lewe nie, maar of ek lewe tot God se eer. En al sou hulle boeke kon skryf oor al my voortreflikhede en deugde en dit was alles buite God en sonder God, dan is my lewe soos ’n wingerdstok ‘as die vuur sy twee ente verteer het en sy middelste stuk geskroei is.’ Dit is nutteloos en waardeloos.

“Die wingerdstok is ’n edele boom, maar as dit nie vrugte dra nie, is dit waardeloos. Dan beset dit die aarde nutteloos en ondermyn die groeivermoë van ander plante. Net soos die wingerdstok wat net hout en geen vrug gee nie, die sap van die bodem vir homself gebruik en niks wil gee nie en die groei van die ander plante bederf; só is die onvrugbare lewe. Dit is ’n ernstige sonde, omdat ons hierdeur in die pad van ander staan.

“Binne die Christendom is daar vele wat ’n egosentriese lewe lei met die dinge wat God aan hulle skenk en hulle besef nie dat God dit aan hulle gegee het om daarmee vrugbaar te wees nie. Die waarheid wat Jesus Christus verkondig het, om nie gedien te word nie, maar om te dien, het hier op dowe ore geval.

“Broers en Susters, hoe staan dit in u lewe met vrugdra? Dra ons elke dag die vrugte wat by die

bekering pas? Of beset ek die akker van God nutteloos en waardeloos. Is ons nog dieselfde egoïstiese, hoogmoedige, kwaadsprekende mense van gister en eergister? Of is daar vrugte van bekering?

“Wanneer die ware bekering in ons lewe plaasgevind het, dan beteken dit dat ons die kwaad ontvlug het om die goeie te doen. Dan beteken dit dat ons die pad bewandel wat die HERE vir ons in sy Woord uitgestippel het. Dan beteken dit dat ons, ons in volle gehoorsaamheid aan God oorgegee het.

“Dan kan ons in afwagting wag op die Eenaar van die wingerd; wat gaan kom, nie om hout te soek nie, maar vrugte aan ons lewensboom.

“Amen.”

Kommentaar:

Hierdie boodskap mag by die oningeligte die indruk skep dat goeie werke nodig is om gered te word. Dit is nie die geval nie. As jy Jesus Christus as jou Verlosser aanvaar het, het Hy in jou plek vir al jou sondes betaal. Ons doen goeie werke omdat Jesus Christus, ons Bevelvoerder, dit van ons eis. En ons weet dat ons daardeur geen meriete voor God verdien nie, maar dit bloot doen uit dankbaarheid vir wat God en Jesus Christus vir ons gedoen het.

Hierdie boodskap bring terselfdertyd die haglike toestand waarin vele van ons mense verkeer onder ons aandag; asook die feit dat bitter min van ons, ons daaraan steur.

Daar is Afrikaners wat nie ’n vinger sal verroer vir die welstand van hul eie mense nie; en enigeen wat dit doen summier as rassiste veroordeel. Diegene wat só optree, is besig met ’n inverse leuen.

Die *New Age* Beweging se oogmerk is om deur middel van ondertrouery ’n identiteitslose wêreldbevolking te skep wat nie teen hulle beplande wêreldoorheersing sal kan saamstaan nie. ’n Profesie in Daniël 2 vers 43 verwys hierna:

“... hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.”

Hierteenoor het God juis volke geskep as teenfoeter vir Satan se plan om die wêreld te beheer.

Om jou eie identiteit in stand te hou, kom van God af; en moenie dat die duiwel jou anders wys maak nie.

Om jou eie mense in stand te hou, beteken nie dat jy téén ander mense is, of ander mense benadeel nie. In teendeel, bevolkingsgroepe wat hulself ophef, is tot voordeel van die groter samelewing.

Diegene wat hulle van hul eie mense onttrek, omdat hulle, hul nie aan rassisme wil skuldig maak nie, mag dink dat hulle God se wil doen. Hulle is in werklikheid medepligtiges in 'n sataniese plan om alle Christene en alle volke, wat die Afrikaner insluit, te vernietig.

Indien dit jou uitgangspunt is, mag jy in Jesus Christus genade vind, voordat jy as skuldige in oordeel kom.

In 1 Timótheüs 5 vers 8 is geskryf: “Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige.”